# DIT WIL GEDOEN WORD!!

*Henry Fourie*

Anneke Snyman, lid van Bredasdorp Rolbalklub was lid van die Protea Dames Rolbalspan wat van 10 tot 23 Mei 2019 deelgeneem het aan die Atlantic Kampioenskappe in Wallis. Suid-Afrika was een van 26 lande wat deelgeneem het. Die deelnemers is verdeel in twee afdelings met die top ses van elke afdeling wat kwalifiseer om in die Wêreldbeker te speel in 2020 te Australia. 'n Mans span van Suid-Afrika het ook in die toernooi gespeel.

Die dames span het uit vyf spelers bestaan en baie ure se harde werk is ingesit as voorbereiding vir die toernooi. Die tragiese dood van Elma Davis, die span se skipper in die viere en driespel, kort voor die vertrek na Wallis het die span emosioneel swaar getref. Anneke Snyman, 25 jaar oud is toe bevorder na skipper van beide die viere en driespel span en het die spanne gelei asof sy al jare ondervinding het.
In die eerste week speel hulle die viere en enkels en in week twee die driespel en pare. Die enkels word deur Colleen Pikketh gespeel. Sy is tans Suid-Afrika se voorste vroulike speler met 'n ongelooflike goeie rekord. Sy is ook nou gekies vir 'n wêreldspan wat teen die krag van Australia gaan speel. Colleen kwalifiseer vir die uitspeelwedstryde deur in die top drie van haar groep te eindig maar verloor ongelukkig in 'n baie gelykop wedstryd in die kwarteindronde.

Die viere span van Anneke Snyman, Esme Kruger, Niki Neal en Jacqui Janse van Rensburg wen 8 van hulle wedstryde, speel een gelykop en verloor slegs een wedstryd in hulle rondomtalie afdeling en eindig heel bo in hulle afdeling wat hulle regstreeks laat kwalifiseer vir die semi-finale. In die semi-finaal wen hulle Skotland en speel teen die gasheerland, Wallis in die finaal vir goud. In 'n baie gelykop stryd kry Wallis hulle neus vir die eerste keer kort voor die einde, net-net voor, en hulle behou die voorsprong om te wen. Ons is baie trots op hierdie vier dames wat welverdiend die silwer medalje verower het.

In week twee speel Colleen Piketh en Niki Neal die pare. Hulle doen uitstekend deur hulle afdeling te wen, daarna die semi-finaal en ook die finaal. So verower hulle die goud!! Anneke Snyman, Esme Kruger en Jacqui Janse van Rensburg speel in die driespel en wen nege wedstryde en verloor slegs een in die rondomtalie afdeling en kwalifiseer vir die semi-finaal. Hulle teenstanders in die semi-finaal is die gedugte span van England. Ongelukkig het ons Protea- dames 'n bietjie van 'n swak begin en moes hulle die knie buig voor England. Ons dames wen egter nog steeds die brons medalje en is ons almal supertrots op hulle.

Die vier afdelings waaraan die vyf dames deelgeneem het se punte word saamgevoeg, en brand die vreugdevure nie hoog nie toe die Protea damespan as die algehele kampioene van die twee-weke lange toernooi gekroon word en daar nog 'n goue medalje verower word!

Die Protea mans span het Goud in die driespel gewen en algeheel vyfde geëindig.

***ALGEHEEL GOUD - SA DAMES!!***



# Inter-Forces Lawn Bowls Championship

*Charmaine Mostert*

The 52nd Inter-Forces Lawn Bowls Championships took place in Goodwood on 30 October to 01 November 2019. Twenty-four teams (72 players), representing teams from SAPS, Navy, Department of Correctional Services, Pensioners, Traffic, SAAF and Army, competed.

SAPS did exceptionally well this year; all three their teams reached the play-offs. SAPS C, Western Province players, took Silver with 11 points versus the Gold of the Navy A team with 13 points. SAPS B, Boland players, won Bronze against the SAPS A, Eden players, with 17 points versus 13. The latter taking fourth place.



***BRONZE WINNERS: Brickey Bouwer (Chairman of Air Force), Johan Cohen (Vredenburg) Annelie Stevens (Bredasdorp) and Pieter Mostert (Ceres)***

# WESKAAP JUNIOR ENKELSPEL TOERNOOI

*(Rosa Cloete / Theuns Coetzee)*

Dit is deesdae ‘n redelik algemene gesig om jongmense op ons rolbalbane te sien, en daar al 'n hele paar Toernooie op die kalender juis vir hulle.  Die mees bekende hiervan is die Interdistrikte wat elke April plaasvind, die Envar Buys in September, en ook die Jeugfees wat in Junie in Oudtshoorn gespeel word.  ‘n Nuwe byvoeging is die Weskaap Junior Enkelspeltoernooi wat vanaar op 09 en 10 Augustus  vir die eerste keer op Worcester gespeel is.

Spelers van ses Distrikte,  nl. Overberg, Wynland, Weskus, Weskaap, Sentraal Karoo en Eden is genooi om in hier toernooi te speel en hierdie spelers het nie teleurgestel nie; hulle het rolbal van uitstaande gehalte gespeel!  'n Pragtige trofee:  “Ronnie Cloete Weskaap Skole Wisseltrofee” is spesiaal geskenk vir hierdie Toernooi.


Beide Theuns Coetzee en Ronnie Cloete se werk onder die jeug is noemenswaardig en om hierdie jong spelers te sien presteer is ‘n droom wat steeds bewaarheid word
Theuns se boodskap aan die jeug op hierdie toernooi was:

***I would like to welcome each player who  has been invited to play in the Western Cape Junior Singles 2019.  This Tournment is a first of its nature and  I would like to thank each and every district for their efforts in  making this tournament possible.***
***You as players must remember that selection into this singles tournament was not automatic but that you had to go  through a selection tournament in your district.   In other words, you have proven yourself worthy of representing your district.***

***Thank you to each and every parent, coach, club and supporter for spending time with the players next to or on the green to make tournaments like this possible.  I also need to thank each district for supporting the first ever Junior Singles Tournament in Western Cape.  Winning this Tournament is the ultimate accolade for Juniors in die Western Cape and you should be very proud to have been  selected.***

***Enjoy the tournament and let good sportmanship prevail this weekend!***

***(Foto’s van wenners hieronder en op p.10)***




*J. Dumsela*




**J. Fouche (WP)**
**D. Johannes (Overberg)**




***R. van der Schyff***
***Sentraal Karoo***



*H. Pool (Overberg)*



*G. Young (Eden)*



L.H.Juries (WP) / *S. Philip (Eden)*

Trusting us with the numbers doesn't mean you get treated like one.



At **Personal Trust** we're approachable as friends, and trustworthy as professionals. It's the way we've done business for over 35 successful years – both here and abroad.

We offer a comprehensive range of financial trust services, including Investment & Portfolio Management, Offshore Financial Services, Trustee Services, Retirement Planning, Local & Offshore Money Market, Estate Planning, Tax Services and Wills.

Phone **Mark Gibbs** or **Anine Theron** at our Somerset West office on **021 852 2265** and let's talk - **personally**.

PERSONAL TRUST (PTY) LTD
G03 Parc du Links Niblick Way Somerset West 7130 - Postnet Suite Number 126 Private Bag X15
Somerset West 7129 RSA - Tel: 021 852 2265 - Fax: 021 852 9298 - e-mail: personaltrust@ptrust.co.za

**www.personaltrust.co.za**

FSP Licence No.707 - Personal Trust (Pty) Ltd - Registration No.1951/002859/07

PERSONAL T·R·U·S·T
for the personal touch